

21 September

Skrifgedeelte: Daniël 9:1-6, 17-19

Fokusgedeelte: Daniël 9:4, 5, 7, 9, 18, 19

Daniël se gebed

Jona het midde-in 'n krisis van lewensgevaar tot God gebid. Daniël se omstandighede is anders – hy verkeer nie in direkte lewensgevaar nie, en daarom verskil die inhoud en die aard van sy gebed radikaal van dié van Jona uit die vis se maag. Daniël bid omdat hy uit die Skrifte, volgens Jeremia, tot die besef gekom het dat Jerusalem 70 volle jare 'n puinhoop sou wees. Dit het hom hewig ontstel en daarom tree hy as profeet op deur tot die Here God vir sy volk te bid.

Daniël begin sy gebed letterlik by die begin ... by die Here God Self. Hy begin met die belydenis dat die Here aan sy verbond getrou is (vs. 4). Vir Daniël is die sekerheid dat die Here sy verbintenis van sy kant af vir ewig met sy kinders sal handhaaf, die anker van sy gebed. God bly getrou aan wat Hy beloof het – dit is die mens wat ontrou is (vs. 5). Dit is die mens wat van sy kant af sy verbintenis met die lewende God verbreek! Juis daarom bely Daniël namens die volk van die Here hulle sonde voor Hom en pleit hy om vergifnis daarvoor. Aan die einde van sy gebed pleit hy namens die volk om genade en uitkoms. Hy pleit al hierdie dinge nie omdat hy of die volk enigiets verdien nie, hy pleit al hierdie dinge op grond van God se groot genade en liefde vir sy kinders (vs. 18). Daarmee sluit hy sy gebed af met dieselfde belydenis as waarmee hy dit begin het: God is groter as menslike onverantwoordelikheid!

Ons leef in 'n beter verbond – nie 'n profeet nie, maar Jesus Christus ons Here, en ook die Heilige Gees self, doen vir ons voorbidding en pleit vir ons in die hemel by die Vader (Rom. 8:26, 34). Bid tot God. Hou aan die krag van die genadeverbond vas – Hy het Hom in Jesus Christus ewig aan jou verbind en niks en niemand sal jou ooit van sy liefde kan skei nie. Bely jou sonde eerlik voor Hom en pleit by Hom om vergifnis daarvan en om genade. Hou vas aan die Blye Boodskap: ons Here is groter as menslike verantwoordelikheid.

Sing: Skrifberyming 10-2

Dr. SP van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)